

# Ons Haantjie

Nr 143

Aug 2020

## *Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond*

Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
6848 Villiersdorp

Tel: 028 840 0113

[www.henning.org](http://www.henning.org)

E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)

*Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November*

## Met 'n Huppel in die Stap

**5 Augustus 2020 om 17:30 uur (½6nm) DStv Kanaal 144 KykNET  
– Met 'n Huppel in die Stap — Kyk hoe huppel die Hennings!**

Gedurende die grendeltyd in Mei 2020 skakel ons ou genealogie vriendin Isabel Groesbeek, wat deesdae in beheer van die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings) se afdeling Genealogie is, my en wil weet of die Henning Familiebond 'n geskikte persoon het wat in die Pretoria/ Johannesburg area woon, wat 'n onderhoud sal kan voer met 'n lid van die KykNET-produksiespan met betrekking tot 'n program binne die reeks “Met 'n Huppel in die Stap” oor familiesaamtrekke en die deel van herrinneringe.

Isabel dui aan dat sy onmiddelik aan die goedgeorganiseerde Henning Familiebond gedink het. Op haar vraag kon ek onmiddelik vir haar die naam deurgee van die mees geskikte persoon wat by hulle vereistes inpas — a2.b7.c8.d8.e1.f2.g2 Stanley Henning, gebore 20 Oktober 1961 wat in Wierdapark, Centurion woon.

As 'n 23-jarige ongetroude man was hy die tweede jongste persoon wat by die stigtingvergadering van die Henning Familiebond op 21 Julie 1984 teenwoordig was. Hy is dan ook op daardie eerste bestuur van die familiebond verkies. Tydens die eerste landwyse Henning familiefees wat oor die langnaweek 9/10/11 Oktober 1988 te Aliwal-Noord gehou is, het Stanley en sy vroultjie, Mary-Ann (gebore Nel) die Sondag hulle eerste baba ('n seuntjie) in die NG Kerk Aliwal-Noord laat doop deur Ds Willie Henning, destyds leraar van die NG Kerk Hannover, waar die hele kerk deur Henning feesgangers volgesit is.

Stanley het dan ook aan hierdie onderhoud deelgeneem wat op 18 Mei plaasgevind het, waar die onderhoudvoerder die welbekende akteur Lieb Bester was. **Hierdie program sal nou op 5 Augustus 2020 om 17:30 uur (½6nm) op die KykNET kanaal uitgesaai word en alle Hennings word genooi om na die program te kyk.**



Stanley Henning

# Henning/Vorster konneksies in die Stormberge

Baie van die moderne Hennings van vandag, wat in ons stede grootgeword het, is nie bewus daarvan dat die Hennings se wortels diep lê in die Stormberge, in die Noord-Oos Kaap. Dit sluit die dorpe Aliwal-Noord, Burgersdorp, Dordrecht, Molteno en Jamestown in, asook die Suid-Vrystaat dorpe Rouxville en Zastron.

Die weersgesteldheid van hierdie streek maak dat dit die mees ongenaakbare deel van die hele Suid-Afrika is. Dit is die wêreld van lang uitmergelende droogtes, opgevolg deur vinnige, swaar donderstorms. Daar is geen oppervlakwater nie. Mens moet diep boor om water te vind en in die ou dae was dit nie moontlik nie. Die heel koudste temperature in Suid-Afrika word in die winters hier gemeet – temperature van meer as minus 20 grade Celsius is algemeen. Hier is geen brandhout beskikbaar nie. Dit is dan ook die rede waarom die swart stamme hierdie streek vermy het en eers later, nadat die vroeë Trekboere hier ingetrek het, ook hierheen geloop het, met die hoop om 'n bietjie kos by die nuwe setlaars te kry ... en dalk 'n werkjie.

Gedurende die jare 1820 tot 1840 het die eerste Trekboere in die Stormberge begin neskop – dit het families soos die Hennings, De Wets, Jouberts en Vorsters ingesluit. Almal dood gewone boere of landbouers met geen skoolgeleerdheid, maar met baie inisiatief, vindingrykheid en die wil om hard te werk.

Ten spyte van hierdie moeilike omstandighede het dit nie hierdie boere verhinder om daar te vestig en 'n sukses van hulle boerdery te maak nie. By hulle was daar 'n vryheidsdrang wat niks en niemand kon stuit nie. Hierdie drang na vryheid is van die belangrikste persoonlikheidskenmerke wat die Stormbergers getoon het en wat ook in hulle nageslagte voortgesit is.

Hier in die Stormberge in die distrik wat later Aliwal-Noord sou word het a2.b1.c3. Jan Hendrik Henning, gebore 17 Mei 1805 en sy vrou Anna Magdalena (gebore Du Plessis) in die vroeë 1830's vir hom 'n plaas uitgemerk en dit die naam Elandshoek gegee. 'n Klein entjie van hier af – dit het later die distrik van Jamestown geword - het Olof Abraham Vorster, gebore 18 November 1816 en sy eerste vrou, Elsje Swanepoel 'n paar jaar later hul intrek geneem en hulle plaas die naam Spitskop gegee. Die afstand tussen hierdie plase kan vandag, met 'n motorkar binne 'n half uur afgelê word, maar in die dae van die trekboere was die vinnigste



**a2.b1.c3. Jan Hendrik Henning \*17 Mei 1805 en sy vrou Anna Magdalena van die plaas, Elandshoek, dist. Aliwal-Noord**

vervoermiddel 'n perd, waar dit 'n paar ure geneem het. Die families het mekaar sekerlik geken, want die boere was maar yl gesaai, maar hulle het mekaar voortdurend bygestaan. Beide egpare het groot gesinne gehad.

Wat duidelik geword het is dat hierdie Vorster familie groot invloed op die geskiedenis van twee Henning families uitgeoefen het.

Twee van Olof Vorster se dogters het met Elandshoek-Henningmans getrou. Twee van sy kleinkinders het met Elandshoek-Hennings getrou en nog 'n dogter het met 'n ander Aliwal-Noord Henning getrou.

Die twee dogters van Olof en Elsje Vorster wat met Henningmans getrou het, was Anna Christina, gebore 6 November 1845 en Martha Aletta, gebore 17 Desember 1852. Hulle raak bevriend en trou met twee van Jan en Anna Henning se seuns, a2.b1.c3.d10. Christiaan Rudolf Henning, gebore 26 Januarie 1844 en a2.b1.c3.d12. Alwyn Petrus Henning, gebore 17 Januarie 1848.

Na die afsterwe van sy vrou, Elsje trou Olof Vorster 'n tweede en 'n derde keer – eers met 'n Petronella Johanna (van onbekend) en toe met Anna Catharina Elizabeth

**Foto bo:**

**a2.b1.c3.d10.**  
**Christiaan Rudolf**  
**Henning \*26-1-1844,**  
**sy vrou Anna**  
**Christina (gebore**  
**Vorster) \*6-11-1845**  
**en hulle kinders met**  
**hulle eggenotes. Die**  
**besonderhede van al**  
**hierdie kinders kan**  
**in die Henning**  
**familiekroniek**  
**besigtig word**



**Foto onder:**

**a2.b1.c3.d12. Alwyn**  
**Petrus Henning \*17-**  
**1-1848, sy vrou**  
**Martha Aletta**  
**(gebore Vorster) \*17-**  
**12-1852 en hulle**  
**kinders. Lees gerus**  
**die geskiedenis van**  
**hierdie familie in die**  
**Familiekroniek.**  
**Hierdie nege seuns**  
**kan almal as helde**  
**van die ABO beskou**  
**word**



van der Merwe, gebore 5 Mei 1838.

Olof Vorster se seun, Pieter Johannes Vorster, gebore 1864 en sy vrou Annie het, na hulle troue op die plaas, Treurfontein in die distrik Aliwal-Noord gaan boer. Hulle dogter, Johanna Christina Barendina gebore 6 Mei 1906 trou op haar beurt ook met een van die Elandshoek Hennings –Christiaan Rudolf Henning, gebore 14 Desember 1905 (a2.b1.c3.d10.e8.f1.).

Ons is ook bewus van ‘n Oelof Abraham Vorster wat met a2.b1.c3.d5.e8. Anna Maria Henning, gebore 11 April 1873 getroud was. Sy was die jongste dogter van Jacobus Henning, ‘n ouer broer van Christiaan Rudolf - en Alwyn Petrus Henning, hierbo — dus ook een van die Elandshoek Hennings. Ongelukkig weet ons nie presies wie hierdie Oelof Abraham Vorster was nie, maar ons vermoed dat hy ‘n seun van Olof Abraham Vorster, gebore 18 November 1816 van die plaas Spitskop moes gewees het.

Olof Vorster en sy derde vrou Anna het ook ‘n paar kinders gehad, onder andere ‘n dogter Aletta Susanna, gebore 1 Oktober 1876 en hierdie Aletta Vorster raak bevriend met nog ‘n Henning – a2.b7.c2.d18 Marthinus Christoffel Henning gebore 8 Desember 1878, die agtiende kind van Marthinus Christoffel Henning en sy tweede vrou, Cornelia van die plaas Driefontein (buurplaas van die bekende Henning plaas, Damfontein in die Aliwal-Noord distrik) wat ook slegs ‘n hanetreetjie van beide Elandshoek en Spitskop is.

Interessantheidshalwe meld ons dat een van Olof Abraham Vorster \*1816 se ander seuns, Willem Karel Vorster, gebore 29 April 1869, die vader van oud-Staatspresident B J (John) Vorster en sy broer, Koot (Jacobus Daniël) Vorster, oud Moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk was.

Hierdie is beslis die grootste konneksie tussen die Henning familie en enige ander familie in Suid-Afrika waarvan ons bewus van is.



**Links: Annie Vorster, vrou van Pieter Johannes Vorster \*1864, die ouers van Johanna Christina Barendina Vorster \*6-5-1906 wat op die foto regs saam met haar bruidegom, a2.b1.c3.d10.e8.f1.) Christiaan Rudolf Henning \*14-12-1905 staan**



# 19de Eeuse Henning Families en die Invloed van Hollandse Onderwysers

Die Hollandse Oos-Indiese Kompanje, wat in 1652 'n verversingspos by die Kaap van Goeie Hoop gevestig het, het net een oogmerk met hierdie verversingspos gehad – dit moes hom help om geld te maak en niks meer nie! Die kompanje het egter nie besef dat hy besig was om 'n nuwe land en volk aan die Suidpunt van Afrika te ontwikkel en dat sy amptenare en ander werknemers nie net marionette was wat van die oggend tot die aand net kon werk nie, maar ook ander behoeftes gehad het, al was hulle eenvoudige ongeskoolde mense. Hulle wou hulle geloof in God uitleef, hulle kinders behoorlik opvoed en waar moontlik, vir hulself sorg.

Die VOC het wel Hollandse predikante na die Kaap beroep en hulle besoldig. Die oorgrootte meerderheid burgers aan die Kaap was vir 150-jaar lank Hollandsprekend, maar met groot invloed wat Frans - en Duitssprekende immigrante, asook slawe uit Batavia, Ceylon, Indonesië en Madagaskar met verloop van tyd op die taal begin uitoeven het. Die enigste opvoeding wat kinders gekry het, het van hul ouers of die kategeese van die Kaapse Kerk gekom.

Na sy tweede besitname van die Kaap van Goeie Hoop in 1806 het Brittanje stelselmatig hierdie Hollandse kolonie begin verengels. Hulle het byvoorbeeld in 1822 aangekondig dat Engels voortaan die enigste taal van administrasie en regspleging sou wees. Die Kaapse Kerk wat intussen ook van Skotse predikante gebruik begin maak het, sowel as die twee Hollandse Kerke, Die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk het met verloop van tyd besef dat hulle sou moes help om Hollandse onderwysers te werf om aan die Kaap van Goeie Hoop onderrig te kom gee en van die middel van die negentiende eeu af het hulle 'n stroom Hollandse onderwysers gelok.

So het gedurende September 1857 die skip *Angenita Adriana* vanaf Rotterdam na die Suidpunt van Afrika vertrek met 'n groot groep landsverhuisers. Die skip het egter by die Kaap verby gevaar en by Port Natal (Durban) aangedoen, waar al die passasiers aan wal gegaan het — onder andere Willem Hendrik ZURICH, gebore 1828 en sy vrou Wilhelmina Catharina (gebore HEIJBLUM) gebore 1830, met wie hy kort voor die vaart getrou het. Beide is gewerf om as onderwysers in die Republiek van die Oranje Vrystaat te dien.

Dit wil egter lyk of hulle slegs enkele maande in Smithfield, in die Oranje Vrystaat vertoef het, want ons tel hulle spoor vroeg op waar hulle op die plaas, Vogelvlei in die Wodehouse (Dordrecht) distrik woon. Kort daarna verhuis hulle na Aliwal-Noord waar hulle op die plaas Olyvenkloof gaan woon. Dit is hier in die Aliwal-Noord distrik waar die Zurichs teen die einde van 1857 in aanraking met die Henning familie van Damfontein gekom het. Hier het die jong Olivier Johannes Gerhardus Cornelis Henning \*1834 (a2.b7.c8), wat die jaar tevore - 1856 - getrou het, saam met sy pa Gert Frans Henning geboer.

Olivier en Cornelia Henning se eerste kind, 'n dogtertjie met name, Martha Johanna Elizabeth is op 26 Augustus 1857 gebore, terwyl Willem en Wilhelmina Zurich se eersteling, 'n seuntjie met naam Hermanus 'n jaar later op 24 Augustus 1858 op Olyvenkloof gebore word. Beide families het hierna nog tien ander kinders ook gehad.




**Martha Zurich (gebore Henning) \*1857, vrou van Hermanus Zurich, haar dogter, Adalena en haar man Jack Kramer en hul eerste kind. Herman Zurich was die eerste onderwyser by die skool op Damfontein, waar hy vir die Henning en ander kinders op die plaas en in die omgewing skoolgehou het**

Herman Zurich en Martha Henning is op 26 Desember 1877 getroud, toe sy 20 jaar en hy 19 jaar oud was. Mens kan ook aanvaar dat hy op daardie stadium as ‘n onderwyser ook gereed was om te begin skoolhou. Sy skoonpa, Olivier Henning het hom hierna aangestel om op die plaas Damfontein vir al die klein Henningkies en die bywonerkindertjies, skool te hou.

Die kombinasie Zurich/ Henning skyn ‘n baie gesonde kombinasie te gewees het, want van Herman en Martha Zurich se elf kinders het hul dogter, Amelia, 103 jaar oud geword. Hul seun, Herman Evers Zurich het 102 jaar oud geword. Kan mens glo! Hy het in ‘n motorongeluk gesterf, waar hy die bestuurder was, Wilhelmina Catharina Zurich het 99 jaar oud geword en Anna Elizabeth het 89 jaar oud geword. Twee van hulle kinders het as babas gesterf, twee tydens die 1918 griep pandemie, twee in ongelukke en een in die ouderdom van 74 jaar.

Herman Zurich het met verloop van tyd beter onderwysposte opgeneem, totdat hy en sy vrou uiteindelik in Melville, Johannesburg beland het, waar beide dan ook oorlede is.

Ons plaas ‘n foto van die Damfontein Primêre skool ongeveer 1918 – 1920 toe die enigste Henning wat ons kan identifiseer, a2.b7.c2.d4.e6.f2. Cornelis Hermanus Henning gebore 5 November 1906 was. Hy het saam met sy ouers op die plaas Klipfontein gewoon. Ons kan nie een van die Damfontein Henning kinders identifiseer nie.



**Damfontein Primêre skool, ongeveer 1918- 1920. Ongelukkig kan ons net een skolier uitken. Heel links agter: a2.b7.c2.d4.e6.f2. Cornelis Hermanus Henning \*5-11-1906. Die onderwyser was ‘n mnr Gert Roux.**

## Selfs sterker as Oom Hansie

Die artikel op die vorige twee bladsye handel oor Hermanus Zurich gebore 1858 wat 'n onderwyser was op die plaas Damfontein, distrik Aliwal-Nood, waar hy die Henning kindertjies onderrig het. Hy het dieselfde tyd met een van die Henning jongedogters, Martha Johanna Elizabeth Henning \* 26 Augustus 1857 in die huwelik getree. Vier van hulle kinders het uitsonderlik oud geword, onder andere, Herman Evers Zurich, gebore 17 Julie 1889.

Herman Evers Zurich was bestem om 102 jaar oud te word en hy was tot op daardie ouderdom nog sterk genoeg om self sy motor te bestuur. Ongelukkig was dit nie bestem dat hy 'n natuurlike dood sou sterf nie. Hy is in 'n motorongeluk, waar hy die motor bestuur het, oorlede.

Dit laat ons dink aan die artikel in Nuusbrief 138 van Mei 2019 waar ons vertel het van oom Hansie Henning van Rouxville wat op sy honderdste verjaardag self op sy eie met sy motor na die stadsaal van Rouxville gery het vir die partytjie wat daar vir hom gereël is.



**Herman Evers Zurich \*1889, seun van Martha Henning \*1857 en sy tweede vrou Helena Köpke. Hy sterf in die ouderdom van 102 jaar in 'n motorongeluk**

## Jan Willem Rudolph Henning \*4-5-1885 en sy pyp

Ons het die volgende lekkerlees brief van a2.b1.c6.d4.e6.f2.g2. Pieter Abraham Henning \*16-10-1941 van Pretoria ontvang:

Dagse Olivier ek het die verhaal in Haantjie oor die St Helena-pyp baie interessant gevind. Aangeheg is 'n foto van my oupa Jan Willem Rudolph Henning gebore 4 Mei 1885 (a2.b1.c6.d4.e6.) op sy motorfiets met sy pyp in sy mond. Die foto is by sy huis in Terblanchestraat, Hobhouse geneem. Hy was 'n oudstryder maar is nooit gevang nie. Sy drie seuns Theunis, Salomon en Jan het ook pyp gerook en my twee oorlede broers, Jan en Salomon het pyp gerook en ek en my twee oorlewende broers Phillipus en Theuns rook ook pyp.

Verder wil ek jou 'n guns vra, In die longdrop toilet by oupa Jan se huis in Hobhouse, wat 'n hele ent van die huis af was, was 'n groot metaalfoto van Genl Jan Smuts. Oupa Jan het die foto doelbewus in die longdrop opgesit omdat hy niks van Jan Smuts gehou het nie. Weet jy dalk van iemand wat in Hobhouse bly of kontakte daar het wat vir my kan uitvind of die foto nog daar in die toilet is. Ek sal baie graag die foto wil hê, al moet ek daarvoor betaal.



**Jan Willem Rudolph Henning**  
gebore 4 Mei 1885 op sy motorfiets  
met sy pyp in sy mond. Sy vrou,  
Hester, loer oor sy skouer

Ek is nie verbaas dat so baie van ons rook nie want as ek reg onthou was ons stamvader Peter Henrich Henning ‘n tabakhandelaar van Lippstadt Duitsland. Ek noem ook graag dat my twee seuns Salomon en Theuns gladnie rook nie, waarop ek baie trots is, maar my dogter Marissa rook wel en glo dit as jy wil sy het in Duitsland geleer rook. Na matriek het sy ‘n ‘gapjaar’ gevat en in Heidelberg Duitsland gaan aupair, by ‘n professor in regte en sy vrou, ‘n geneesheer. Hulle het albei gerook. Wat my dogter ook in Duitsland geleer het is om Duits vlot te praat

Ek het nog ‘n paar interessante fotos van my oupa en sal dit mettertyd vir jou stuur. Amper vergeet ek, ek het op my ander oupa Piet Loots se plaas Reward, distrik Reitz geleer rook, my eerste pyp het ek van ‘n mieliestronk gemaak en die pypsteel het ek van ‘n riet gemaak. Tabak was volop en dit was gratis en perde het die beste tabak geproduseer - dit moes net droog genoeg wees.

**Red.** *Ons het Pieter se Hobhouse-longdrop-versoek aangestuur na Letitia Henning, weduwee van a2.b7.c8.d8.e1.f2. Olivier Henning wat in Hobhouse*

*woon. Ongelukkig weet ons nie wat die uitslag van hierdie ondersoek was nie.*

## Hennings in Buiteland Presteer

Die afgelope klompie jare het die stroompie Hennings wat na die buiteland emigreer al sterker begin vloei. Sommige van hierdie emigrante laat weet dat hulle vertrek het, maar daar is ongelukkig ook ‘n groot getal wat ons nie laat weet nie. Ons verwelkom dit dus as ons ook van die doen en late van hierdie mense verneem.

Pieter Henning van Marblehall (a2.b6.c1.d3.e5.f2.g4.h1.i2.) het vir ons ‘n koerantuitknipsel uit die The Monroeville News van Woensdag 20 Mei 2020 gestuur. Dit is ‘n plaaslike koerant wat in Monroeville, Indiana, Verenigde State van Amerika verskyn. In hierdie artikel word berig dat a2.b6.c1.d3.e5.f2.g4.h3.i1.j2. Nicola Carmin Henning \* 2002-7-29 D/v Josef Jooste Henning en sy vrou Birgit (gebore Fritsche) van Monroeville, Indiana, VSA aangewys is as die “Prom koningin” van die plaaslike Heritage High School. Baie van ons ouer garde weet nou nie so mooi wat ‘n “prom koningin” is nie, maar ons aanvaar dat die jong klomp presies sal weet wat daarmee bedoel word.

Pa Josef Jooste Henning is die pastor van die Emmanuel Evangeliese Lutherse Kerk (Soest), Fort Wade, Indiana, VSA.

Die vertaling van die koerantberiggie lui as volg:



*Toe hulle begin beplan het vir die Heritage Hoërskool se jaarlikse Junior/Senior “Prom” het min mense geweet dat hierdie jaar se funksie een vir die rekordboeke sou wees.*

*Met skole wat weens die COVID-19 pandemie gesluit is, is geen afskeidsdans gehou nie. Inderwaarheid is dit soos verskeie ander lente-gebeurtenisse net eenvoudig gekanselleer. Die bofbal – en sagentbal velde het leeg gestaan en leerders is elektronies deur middel van Zoom onderrig.*

*Leerders het hulle werkstukke aanlyn gepos en sosiale afstand gehandhaaf. Daar is slegs geposeer vir foto’s in hulle formele drag of gemaklike klere. Vir die pret of uit verveeldheid het sommige meisies foto’s laat neem van hulle saam met hulle eerste liefdes – hulle pa’s. Alle idees wat pret sou verskaf, maar tradisie handhaaf, is uitprobeer.*

*Alle leerders het aanlyn gestem vir die 2019/20 “Prom Hof”, met vyf seuns en vyf dogters wat verkies is. Die suksesvolle kandidate was: Chris Baker, Cody David, Clay Gerardot, Gage Pritchard en Spencer Whitaker vir die seuns en Isabel Davis, Nicola Henning, Nicole Kohrman, Sarah Ree en Kate Voirol vir die meisies.*

*Na die finale tel van die stemme is Cody David en Nicola Henning as koning en koningin gekroon.*



**Links: Nicola Henning wat as die Prom koningin van die Heritage High School, Monroeville, Indiana, VSA aangewys is**  
**Bo: Nicola se pa, Josef Jooste Henning \*28-6-1969. Hy is die Pastor van die Emmanuel Evangeliese Lutherse Kerk (Soest), Fort Wade, Indiana, VSA is**

## **Philip Henning as ‘n ‘All American’ vereer**

‘n Groot eer het die jong Suid-Afrikaanse Davisbeker-tennisspeler Philip Henning in Amerika te beurt geval. Philip is natuurlik die seun van a2.b7.c7.d10.e3.f1.g2. Gerard Carel Henning \*10-12-1971 en sy vrou Carlien Lize (gebore Fichardt) van Bloemfontein. Ons het reeds verskeie kere oor sy prestasies op die tennisbaan berig.



**Philip Barry Henning \*10-11-2000 van Bloemfontein wat besig is om in een van die top-tennisspelers in die wêreld te ontwikkel**

Die 19-jarige Philip van die Universiteit van Georgia, wat vir die Coronavirus-inperking by sy ouerhuis in Bloemfontein is, is gedurende Mei as ‘n “All American” vereer.

Dié All American-status is iets wat die Interkollege Tennisvereniging (ITA) net aan die topspelers aan universiteite in Amerika toeken.

“Dit is ‘n prestigeryke eerbewys wat aan die einde van hulle seisoen (wat van Augustus tot Mei duur) aan die 20 topspelers gegee word,” sê Philip. “Dit is vir my ‘n groot eer en voorreg om All-American-status te ontvang. Dis iets waarvoor baie kollege-spelers werk en baie ure insit.”

Philip wat vanjaar in sy tweede jaar is, was 11-de in Amerika op die

laaste ITA ranglys wat bekend gemaak is. Die nommer-2 speler van die universiteit van Georgia was daarmee die Bulldogs se voorste speler op die Amerikaanse ranglys.

Hy is een van drie Bulldogs, saam met Trent Bryde en Tyler Zink, wat as All Americans vereer is.

Georgia het nege van sy elf wedstryde gewen en sy seisoen met ses agtereenvolgende oorwinnings afgesluit.

Philip sê hy was nogal gelukkig om in Maart ‘n vlug terug na Suid-Afrika te kry.

“Ek het geland net voordat hulle die vlugte gekanselleer het en sit gelukkig nie gestrand in Amerika nie. Ons seisoen was nog nie heeltemal verby nie – ons was op pad Florida toe vir ‘n kragmeting, maar die dag voor ons vertrek het, is alles gekanselleer.”

Philip sê dat die hoogtepunt van sy seisoen was ‘n wedstryd teen Ohio, toe hy met sy enkelspelwedstryd die kragmeting vir Georgia beklink het.

“Die oorwinning het ook aan ons afrigter, Manny Diaz, ‘n rekord aan kollege-oorwinnings gegee.”

Philip is een van die universiteit se vyf benoemde sportlui om met die Sportmanskap/Etik Eerbewys weg te stap.

Philip, ‘n oudleerling van Greykollege, het verlede jaar sy Davisbeker-debuut vir Suid-Afrika teen Bulgarye in Kaapstad gemaak. Hy het Gabriel Donev met 6-2, 6-3 verslaan.

# Henning Babas



**Charles Britz en sy vrou tjie, Celesté (gebore Henning) met hul seuntjie, Charles (noernaam Hanno) (4 jaar) en dogtertjie, Mia wat op 20 Januarie 2020 gebore is**



**Ds Kosie Henning en sy vrou tjie, Carlizé met hul seuntjie – ook Kosie – wat na sy oupa en sy pa vernoem is. Die kleinman is reeds op 29 Augustus 2018 aebore.**



Ons is verheug as ons hoor van die geboorte van babas waar die pa of ma 'n Henning is.

a2.b1.c3.d10.e8.f1.g1.h1. Johannes Gerhardus (Johan) Henning\*19 Maart 1954 van Bloemfontein het onlangs vir ons 'n groot klomp nuwe gegewens van sy kinders en kleinkinders deurgegee — onder andere dat sy dogter, Celesté, gebore 5 Maart 1985 en haar man, Charles Johannes Britz van Bloemfontein op 29 Januarie 2020 'n baba dogtertjie – Mia - ryker geword het. Mia is hulle tweede kind. Hul oudste – 'n seuntjie - met dieselfde name as sy pa is op 9 Junie 2016 gebore.

Charles en Celesté was aanvanklik albei werksaam by PWC in Bloemfontein as Geoktrooieerde Rekenmeesters, maar Celesté is onlangs aangestel as 'n lektor in Finansiële Rekeningkunde by die Universiteit van die Vrystaat.

Dan het Ds Kosie Henning (a2.b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3.i3. Jacobus Adriaan Gerhardus) gebore 17 Julie 1993 en sy vrou tjie, Carlizé (gebore Snyman) reeds op 29 Augustus 2018 'n babaseuntjie, wat dieselfde name as sy pa en sy oupa het, ryker geword. Die knapie sal soos sy pa, Kosie genoem word.

Kosie en Carlizé verwag 'n dogtertjie ongeveer 2 September 2020, dus hoop ons om in die November 2020 nuusbrief oor haar geboorte te berig. Ds Kosie is die predikant van die Gereformeerde Kerk, Harrismith.

## Sterftes

a2.b5.c1.d5.e6.f1.g1.h1. Jan Andries Henning, gebore 30 Oktober 1941 van Fichardtspark, Bloemfontein is op 10 Junie 2020 in die ouderdom van 78jaar en agt maande oorlede. Hoewel hy by sy huis oorlede is, was hy die voorafgaande jaar gereeld in die hospitaal weens verskeie mediese probleme. Hy laat sy vrou, Mara en vier dogters, met hulle gesinne agter.



**Ons lieue boetie, Fanie Henning \*1-5-1946 wat op 18 Junie 2020 in die ouderdom van 74 jaar gesterf het**

Dan is ek as Bondsekretaris baie hartseer om van die afsterwe van my broer, Fanie (Stephanus Rudolf Kruger Henning, gebore 1 Mei 1946, a2.b7.c8.d8.e3.f5.) van Kuilsrivier te berig. Fanie is vroeg die oggend van 16 Junie 2020 by die Intensiewe Sorgeneheid van 2 Militêre Hospitaal, Wynberg na 'n massiewe beroerte-aanval opgeneem. Hy het die oggend van 18 Junie sy laaste asem uitgeblaas. Hy was 74-jaar oud.

Fanie is na skool by die ou SA Spoorweë en Hawens opgelei as Draaiër-masjins. Hy het onderdele gebou vir lokomotiewe. Gedurende 1968 kry hy 'n departementele oorpasing na die SA Weermag, waar hy as 'n ammunisiekeurder aangestel is. Hy moes alle besendings van plofbare krygsmiddele (bomme, vuurpyle, projektiële, ens) wat van fabrikante ontvang word, evalueer en goedkeur voordat dit deur die SA Weermag in voorraad geneem is.

Na sy aftrede dien hy as koster by die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos, waar hy baie

geliefd onder al die lidmate was. Fanie was 'n belydende gelowige.

Hy het die afgelope 22 jaar op die bestuur van die Henning Familiebond gedien en waardevolle bydraes gelewer. Hy laat sy vrou, Hettie, twee kinders, Rudolf en Cornelia, 'n skoondogter, Eldine en drie kleindogters na.

## Geldsake

Die Henning Familiebond oorleef op donasies van welmenende Hennings wat sien wat die waarde van 'n goedgeorganiseerde familiebond is. As elke Henning familie slegs na sy vermoë bydra – hoe gering ookal – sal ons bly voortbestaan.

Baie dankie dus aan al die families wat per debietorder maandeliks 'n bydrae lewer. 'n Klein bedraggie maandeliks, van so min as R30.00 per maand, gee vir ons 'n bydrae van R360.00 oor 'n jaar, wat van groot waarde vir die familiebond is. U reël self met u bank om 'n debietorder in te stel. U het volle beheer oor die aangeleentheid en kan te enige tyd besluit of u u bydra wil verhoog, verminder of staak. Dit vorm die ruggraad van die familiebond se inkomste.

Donasies een keer per jaar is net so welkom en absoluut waardevol. Daarsonder kan ons nie voortbestaan nie.

**Alle donasies kan direk in die Henning Familiebond se bankrekening gedeponeer word. Besonderhede is as volg:**

**FNB Villiersdorp (Tak 200 712), Lopende rekening 6265 7601 483. Vermeld asseblief u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing wie die deposito gemaak het**